SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
**Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation**

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort Tel: (012) 808-9300
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

**31 Mei 2024**

**Beroepsjagters: Registrasie vir erkenning van vorige leerervaring** (RPL – recognition of prior learning)

Die SAQA-registrasie van die opleiding vir beroepsjagters verval op 30 Junie 2024. Dit is verskeie kere voorheen hernu maar ʼn nuwe eenheidstandaard is intussen geskep wat moontlik in werking kan tree. Dit is onseker of hierdie eenheidstandaard en die nuwe opleiding (wat nog geskep moet word) sal lei tot ʼn **kwalifikasie** (bestuur deur Hoër Onderwys) of ʼn **ambag** (bestuur deur Departement Arbeid).

Wanneer só ʼn kwalifikasie verval, word daar normaalweg reëlings getref dat die ou kwalifikasie behou kan word deur middel van erkenning van vorige leerervaring (recognition of prior learning).

Ons beveel aan dat lede met sertifikate wat deur die direkteur van ʼn beroepsjagskool (al was dit 30+ jaar gelede) uitgereik is en hul bestaande/ou kwalifikasie as beroepsjagter wil behou, vrywillig registreer vir vorige leerervaring vir beroepsjagters wat Phasa aanbied. Phasa is reeds sedert 2015 by SAQA as die regulerende bedryfsliggaam geregistreer. Dit het niks te doen met Phasa as die vereniging vir beroepsjagters nie. Slegs een organisasie kan as een bedryfsliggaam registreer.

Registrasie vir erkenning van vorige leerervaring deur Phasa bied die geleentheid aan alle beroepsjagters om hulle sertifikate as beroepsjagter van die "ou opleiding", om te skakel na ʼn NQF-vlak 4 Nasionale Sertifikaat (SAQA 58930 Professional Hunting - ʼn nuwe eenheidstandaard vir ʼn kwalifikasie) wat Cathseta tans sertifiseer en uitreik.

Lede moet die registrasie vir erkenning van vorige leerervaring **voor 30 Junie 2024** doen wanneer die bestaande eenheidstandaard verval. (Die bestaande eenheidstandaard kan moontlik ook voor 30 Junie 2024 hernu word, soos voorheen by verskeie geleenthede gedoen is).

Vanweë die onsekerheid oor talle aspekte, is SA Jagters se aanbeveling aan beroepsjagters soos volg:

**Registreer by Phasa vir die erkenning van vorige leerervaring.** Indien SAQA die ou kwalifikasie hernu, plaas dit geen verpligting op lede nie. Indien die nuwe kwalifikasie geregistreer word dan is lede reeds geregistreer vir die omskakeling deur middel van erkenning van vorige leerervaring na die nuwe kwalifikasie of ambag, welke een van die twee dit ook al mag wees.

Lede wat beroepsjagterstatus by SA Jagters verwerf het, hoef nie aansoek te doen vir Phasa lidmaatskap om te registreer vir erkenning van vorige leerervaring soos hierbo beskryf word nie. Die proses is beskikbaar vir alle beroepsjagters, nie net vir lede van Phasa nie. Die koste van die "RPL" proses is ook nog nie beskikbaar nie.

Ons beveel aan dat beroepsjagters stap 1 hieronder voltooi.

**Stap 1 Registrasie**

- Laai die registrasievorm hier af
- Voltooi die registrasievorm **volledig** (Dit moet in PDF wees)
- Heg ’n gesertifiseerde afskrif van u **identiteitsdokument** aan. Maak seker dat die datumstempel duidelik sigbaar is. Vir die nuwe ID-kaart word beide die voor- en agterkant vereis. (Hierdie dokument moet ’n PDF wees.)
- Heg ’n gesertifiseerde afskrif van u hoogste skoolkwalifikasie of Nasionale Senior Sertifikaat (Matrieksertifikaat) aan. Maak seker dat die datumstempel duidelik sigbaar is. (Hierdie dokument moet in PDF wees.)

  Indien u nie meer die bogenoemde sertifikaat het nie, is ’n beëdigde verklaring by die SAPD ook aanvaarbaar. Vir ’n voorbeeld klik hier (Dit moet in PDF wees)
- Laai die “Learner Signature” dokument hier af. Voltooi in swart ink. (Hierdie dokument moet in ’n jpeg-formaat wees)
  1. Naam en van
  2. Handtekening
  3. Paraaf
- Heg ’n gesertifiseerde afskrif van u sertifikaat van die Beroepsjagterskool aan en maak seker dat die datumstempel duidelik sigbaar is. (Dit moet in jpeg-formaat wees.)
- Heg ’n gesertifiseerde afskrif van u provinsiale beroepsjagterlisensie aan en maak seker dat die datumstempel duidelik sigbaar is. (Dit moet in jpeg-formaat wees.)
- E-pos alle bogenoemde dokumente aan **training@phasa.co.za** Stuur ook ’n afskrif aan boetiek@sahunt.co.za sodat SA Jagters u kan bystaan met die opvolg van registrasie.

**Stap 2 Portefeulje van Bewyse**

- Die voltooiing van die proses vind eers plaas ná afhandeling van die registrasie soos hierbo beskryf en nadat die nuwe SAQA-eenheidstandaard registreer is. Die vereiste dokumentasie hiervoor sal eers na die registrasie van die SAQA-eenheidstandaard uitgestuur word.
- U sal ’n volledige *Portefeulje van Bewyse* moet indien om te bewys dat u oor genoeg ervaring beskik om die nuwe kwalifikasie te ontvang. Hierdie proses sal eers begin vanaf ’n datum wat bekendgemaak sal word nadat die nuwe kwalifikasie via SAQA se eenheidstandaard registreer is en wanneer dit bekend is of die departement Hoër Onderwys of Arbeid daarvoor verantwoordelikheid aanvaar.

Vir nou hoef u niks verder te doen nie behalwe die eerste stap om by Phasa te registreer vir die erkenning van vorige leerervaring.